

Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek Winterskool 2018

Verslag

Die Nederlandse Winterskool is 'n jaarlikse instelling waartydens universiteite in Suid-Afrika en Namibië studente verbonde aan Afrikaansdepartemente stuur om 'n intensiewe kursus in Nederlandse taalverwerwing asook Nederlandse en/of Vlaamse letterkunde te volg. Afrikaansdepartemente in Suid-Afrika kry die geleentheid om beurtelings as gasheer vir die winterskool op te tree. Vanjaar se winterskool is deur die Universiteit van Fort Hare se Afrikaansdepartement georganiseer.

Altesaam 23 studente van agt universiteite het die weeklange kursus in Nederlandse taalverwerwing asook Nederlandse en Vlaamse letterkunde gevolg. Vanjaar se Nederlandse taalverwerwing is deur me. Renée Marais verbonde aan die Universiteit van Pretoria behartig. Die letterkundelesings is aangebied deur dr. Johan Sonnenschein verbonde aan die Universiteit Luik (Université de Liège) in België. As deel van die program is studente blootgestel aan Nederlandse en Vlaamse kultuur deur middel van filmvertonings. 'n Aantal dokumentêre programme is ook aan studente vertoon om hul kennis van die Lae Lande te verskerp.

Die Afrikaanse skrywer Annelie Botes het 'n gaslesing aangebied waartydens sy die agtergrond en navorsing vir haar roman *Raaiselkind* (2001) met die studente bespreek het. As deel van haar aanbieding het sy uit die Afrikaanse, Nederlandse asook Engelse vertaling van *Raaiselkind* voorgelees om die vertalings met mekaar te vergelyk.

Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek wil graag die Nederlandse Taalunie (NTU) bedank vir die finansiële ondersteuning wat die winterskool moontlik gemaak het. Ons bedank ook die dosente sonder wie se kennis en bereidwilligheid om die lesings aan te bied hierdie winterskool nie moontlik sou gewees het nie.